## Graad 9

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt(8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV(CAPS) onderwerp dek:**

***Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland,aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.***

**Eenheid 8**

- Hoekom die Holocaust in Suid-Afrika bestudeer word

***Teen die einde van die eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met***

1. Die term: Samevoeging.
2. Die verskille en ooreenkomste tussen die praktyke van die Nazi's en die Apartheidsregering.
3. Redes vir die bestudering van verskillende geskiedenisse.

In Eenheid 6 leer julle van die byeenkoms van lande na die Tweede Wêreld-oorlog om 'n dokument saam te stel wat universele menseregte bepaal sodat wat in die Holocaust gebeur het nooit herhaal kan word nie. Meeste lande, met die uitsondering van agt lande, het hierdie dokument onderteken. Suid-Afrika was een van die agt lande wat nie die verklaring onderteken het nie.

Hoekom het Suid-Afrika nie die dokument onderteken nie? **Hulle het tog teen die Nazi's geveg gedurende die Tweede Wêreld-oorlog**.

- Suid-Afrika se apartheidsbeleid het lank voor die Tweede Wêreld-oorlog begin, onder die Hollandse en Britse administrasie, selfs voor die Nazi's aan bewind gekom het.
- Rassistiese praktyke was alreeds in Suid-Afrika beoefen.
- In 1948, dieselfde jaar wat die **Universele Verklaring van Menseregte** onderteken is, **het die Nasionale Party apartheidswette aanvaar en geïmplementeer.**
- Rassistiese praktyke was alreeds beoefen voor 1948, maar nou was dit eintlik gewettig deur die Nasionale Party en hul apartheidsregering.
- Vanaf 1950 word Suid-Afrikaners geklassifiseer volgens hul velkleur. Die bevolking word in vier rasse verdeel: ''Bantoe/Swart'', ''Kleurling'', ''Asiër/Indiër'' en ''Wit/Blank''.
- Teen 1966 is 11 milljoen mense hiervolgens geklassifiseer en geregistreer op die bevolkingsregister.




**Beeld 1**




**Beeld 2**




**Beeld 3**




**Beeld 4**

Kom ons kyk hoe hierdie wette toegepas is en die impak wat dit sou hê op die bevolking van Suid-Afrika.

**Beeld 1** toon 'n dogtertjie wat op 'n bank sit met die woorde "Europeans Only". ''Europeans'' was die aanvanklike term gebruik vir ''wittes/blankes''. Haar oppaster,die vroutjie wat agter haar sit, kon nie op dieselfde bank sit nie. Dit was sosiale apartheid gebaseer op die apartheidswette.

**Beeld 2** is 'n aaklige teken wat oortreders van sekere rasse met noodlottige gevolge dreig. Let asseblief op dat ''blankes'', wat nie as 'n gevaar beskou was nie, nie hierby ingesluit was nie.

**Beeld 3** Hier sien ons 'n teken by 'n spoorwegstasie in Pretoria**.**Die apartheidsregering het ook die term ''nie-blankes'' gebruik vir almal wat nie as ''wit of blank'' geklassifiseer was nie. Die stasie was bedoel vir al die ander rasse-groepe in Suid-Afrika, behalwe ''blankes''.

**Beeld 4** Die foto van 'n verlate strandgebied was slegs vir lede van die ''blanke'' bevolking bedoel. Alhoewel die strand byna leeg was, was mense van ander rasse nie op die gebied toegelaat nie. Die teken op die foto het die wet van aparte fasiliteite en gebiede toegepas.

Al hierdie tekens en wette was ontwerp om mense te skei, te isoleer en te verneder.

As jy terugdink na Nazi-Duitsland se praktyke, sal jy dieselfde terminologie daar vind.

Kom ons kyk na die gevolge van die praktyke.

**Die volgende punte is biae belangrik:**

- **Geen geskiedkundige gebeure kan saamgevoeg word nie**
- **Dit beteken dat ons nie geskiedkundige gebeure wat op verskillende tye en onder verskillende omstandighede afspeel kan saamvoeg en beweer dat dit dieselfde is nie**
- **Elke geskiedkundige gebeurtenis is verskillend**
- **Faktore soos konteks, era,individu en wêreldbeskouing is verskillend**

**Ons bestudeer wêreldgeskiedenis sodat ons die ooreenkomste en verskille kan waarneem en daaruit kan leer.**

**Die gevolge van die Apartheidswette**

- As gevolg van wette wat die valse ras-teorie (dat een ras meerderwaardig en dat ander rasse minderwaardig was) onderskryf het, is die volgende praktyke toegepas:
- Sogenaamde minderwaardiges is van hul burgerskap ontneem
- Slegs ''blankes'' kon stem; al die ander rasse het nie stemreg gehad nie.Hulle het ook nie gelyke regte of kwaliteit opvoeding gehad nie
- Opbreek van families
- Ontneem van hul eiendom
- Beroof van hul waardigheid, verneder en mishandel

**Ooreenkomste met Nazi-Duitsland**

Die Nazi's glo ook in die meerderwaardigheid van ''Ariër/suiwer''bloed

NUREMBERG WETTE

- Ontneem van hul burgerskap
- Geen stemreg, geen gelykheid, ontneem van werksgeleenthede en opvoeding
- Opbreek van families

**Verskille tussen Suid-Afrika en Nazi-Duitsland**

Die Apartheidsregering het nie 'n volksmoord gepleeg nie. Hulle het diegene wat as ''swart'' geklassifiseer was gebruik as goedkoop arbeid.

Mense in Suid-Afrika was verdeel volgens velkleur. Nazi-Duitsland baser hulle verskille op bloed.

Apartheidswette word slegs in Suid-Afrika toegepas. Die Nazi's implementer hulle rassistiese wette in al die verowerde lande.

- **Kan ons vergelykings tref tussen pyn en lyding van verskillende mense en bevolkings?**
- **Maak dit sin en is dit van enige nut vir die samelewing?**
- **Wat moet ons doen met ons kennis en insig van hierdie geskiedkundige gebeure?**

Behoort ons vergelykings te tref tussen lyding en pyn??

Indien 'n moeder haar seun verloor het omdat hy doodgeslaan is in 'n tronk in Pretoria,of 'n moeder haar seun verloor het omdat hy deur die Nazi's doodgeskiet is in 'n woud in Europa – kan ons sê dat een moeder se pyn en lyding meer of minder as die ander een s'n is?

Vergelykings tussen lyding en pyn dien geen doel nie en is nie van enige belang nie. Dit help ons ook nie om geskiedenis beter te verstaan en daaruit te leer nie.

Wat wel behulpsaam is om die lesse geleer uit die hoofstukke in geskiedenis op 'n positiewe manier aan te wend.

Die geskiedenis van Nazi-Duitsland leer ons om bevooroordeeldheid, stereotipering en die term sondebok te verstaan.

Die gevaarlike gevolge van bogenoemde praktyke word duidelik geïllustreer deur die verontmensliking van gemeenskappe gedurende die Nazi-era en onder die Apartheidsregering.

***VRAE***

1. Wat beteken die word ''samevoeging''?

2. Verduidelik waarom dit so belangrik is om nie hoofstukke in geskiedenis ''saam te voeg nie''.

3. Dink jy dat dit vir ons belangrik is om Suid-Afrikaanse geskiedenis sowel as wêreldgeskiedenis te bestudeer? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

***ADDISIONELE HULPBRONNE***

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:

http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

historians.org

https://www.historians.org/about-aha-and-membership/aha-history-and-archives/historical-archives/why-study-history-(1998)

unesco.org

https://en.unesco.org/news/importance-teaching-and-learning-about-holocaust